# OPENBARE KENNISGEWING
# VISSERYREGTE TOEKENNINGSPROSES (VRTP)

1. **Die Minister van Landbou, Bosbou en Visserye nooi u hiermee om aansoek te doen vir regte ingevolge die Wet op Lewende Mariene Hulpbronne, 1998 (Wet Nr. 18 van 1998) om kommersiële visvangste in die volgende sektore te onderneem:**
   - 1.1 Bodemhaai;
   - 1.2 Stokvishandlyn;
   - 1.3 KwaZulu-Natal garnaaltreilvangs;
   - 1.4 Oester;
   - 1.5 Pylinkvis;
   - 1.6 Tradisionele lynvis;
   - 1.7 Tunapaallyn; enWitmossel.

2. **Die uitnodiging om vir hierdie regte aansoek te doen, sowel as algemene beleid oor die toekennings en bestuur van visvangregte, die voorbeeldaansoekvorms sowel as verduidelikende notas is in *Staatskoerant*, nommer 36675, gedateer 17 Julie 2013, gepubliseer (Kennisgewing 750 en Kennisgewing 751).**

3. **Die verspreidingsproses van aansoeke soos uiteengesit in Tabel 1 sal op Maandag, 22 Julie 2013 om 08:00 'n aanvang neem en sluit op Vrydag, 16 Augustus 2013 om 16:00.**
   - 3.1 Persone wat wil aansoek doen vir regte om kommersiële visvang in die bogenoemde sektore te onderneem, moet die volgende saamneem na een van die verspreidingsentrums wat in Tabel 1 hieronder gelys word:
     - **(i) Die identiteitsdokument van die individu wat die vorm kom afhaal en 'n afskrif van die eerste bladsy van die persoon se identiteitsdokument;**
     - **(ii) Indien die aansoekvorm namens 'n aansoeker by iemand anders afgehaal word, word 'n magtigingsbrief van die aansoeker deur die persoon wat die aansoekvorm afhaal asook afskrifte van beide die afhaler en die aansoeker se identiteits- en registrasiedokumente benodig.**
   - 3.2 Aansoekers moet die aansoeker se posadres, telefoon-, faks-, en selfoonnommers asook e-posadres verskaf.

'n Openbare kennisgewing sal mettertyd uitgereik word rakende die datums van die ontvangsproses.

## SKEDULE VIR DIE VRTP-VERSPREIDINGSENTRUMS

| NR. | PLEK | ADRES | VERSPREIDINGSDATUMS EN TYE |
|---|---|---|---|
| 1 | PORT NOLLOTH | Vissery Nakomingskantoor, Hofgebou, Strandweg, Port Nolloth | Maandag, 22 Julie 2013 tot Vrydag, 16 Augustus 2013 vanaf 08:00 tot 16:00, insluitend Saterdag, 27 Julie 2013 en Saterdag, 3 Augustus 2013 vanaf 08:00 tot 12:00 op albei dae, maar nie op Vrydag, 9 Augustus 2013 nie (openbare vakansiedag) |
| 2 | HONDEKLIPBAAI | Eric Baker Gemeenskapsaal, Dolfynstraat, Hondeklipbaai | |
| 3 | LAMBERTSBAAI | Vissery Nakomingskantoor, Lambertsbaaihawe | |
| 4 | ELANDSBAAI | Vissery Nakomingskantoor, Jettyweg, Elandsbaai | |
| 5 | PATERNOSTER | Paternoster Gemeenskapsaal, St Augustinestraat, Paternoster | |
| 6 | SALDANHA | Vissery Nakomingskantoor, Peperbaaihawe, Saldanha | |
| 7 | KAAPSTAD | DLBV-kantore, Foretrustgebou, Martin Hammerschlagweg, Foreshore, Kaapstad | |
| 8 | HERMANUS | Vissery Nakomingskantoor, Stillstraat 248, Hermanus | |
| 9 | STRUISBAAI | Biblioteeksaal, Hoek van 1$^{ste}$ Laan & Mainstraat, Struisbaai | Maandag, 5 Augustus 2013 tot Woensdag, 7 Augustus 2013 vanaf 08:00 tot 16:00 |
| 10 | MOSSELBAAI | Vissery Nakomingskantoor, Blandstraat 64, Searlor Manor, Mosselbaai | Maandag, 22 Julie 2013 tot Vrydag, 16 Augustus 2013 vanaf 08:00 tot 16:00, insluitend Saterdag, 27 Julie 2013 en Saterdag, 3 Augustus 2013 vanaf 08:00 tot 12:00 op albei dae, maar nie op Vrydag, 9 Augustus 2013 nie (openbare vakansiedag) |
| 11 | JEFFREYSBAAI | Vissery Nakomingskantoor, Woltemadestraat 16, Jeffreysbaai | |
| 12 | PORT ELIZABETH | Vissery Nakomingskantoor, Stanleystraat 21, Port Elizabeth Sentraal | |
| 13 | OOS-LONDEN | Vissery Nakomingskantoor, Latimer's Landing, Oos-Londenhawe, Oos-Londen | |
| 14 | MTHATHA | DLBV-kantore, Ouditorium, Grondvloer, PRD2-gebou, Hoek van Durhem & Sutherlandstraat, Mthatha | Woensdag, 24 Julie 2013 tot Vrydag, 26 Julie 2013 vanaf 08:00 tot 16:00 |
| 15 | PORT ST JOHNS | Vissery Nakomingskantoor, Bridgestraat 433, Port St Johns | Maandag, 22 Julie 2013 tot Vrydag, 16 Augustus 2013 vanaf 08:00 tot 16:00, insluitend Saterdag, 27 Julie 2013 en Saterdag, 3 Augustus 2013 vanaf 08:00 tot 12:00 op albei dae, maar nie op Vrydag, 9 Augustus 2013 nie (openbare vakansiedag) |
| 16 | PORT EDWARD | Vissery Nakomingskantoor, Lodge 147, Ramselaan, Port Edward | Woensdag, 24 Julie 2013 tot Vrydag, 26 Julie 2013 vanaf 08:00 tot 16:00 |
| 17 | DURBAN | KZN-Wildlewekantore, Stellawoodweg 25, Umbilo | Maandag, 22 Julie 2013 tot Vrydag, 16 Augustus 2013 vanaf 08:00 tot 16:00, insluitend Saterdag, 27 Julie 2013 en Saterdag, 3 Augustus 2013 vanaf 08:00 tot 12:00 op albei dae, maar nie op Vrydag, 9 Augustus 2013 nie (openbare vakansiedag) |
| 18 | RICHARDSBAAI | KZN-Wildlewekantore, Hoek van Krewingkin & Anglersweg, PnP Sentrum, Richardsbaai (langs Shell motorhawe) | |

agriculture, forestry & fisheries
Department: Agriculture, Forestry and Fisheries
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**Vir navrae skakel die hulplyn nommer 021 402 3576**